

SEPTEMBER 2013

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amtelike nuusbrieff van die Munisipaliteit Overstrand

MANDELA-DAG BEGEESTER OPNUUT

Projekte wat op Nelson Mandela-dag deur Munisipaliteit Overstrand in samewerking met wykskomitees en gemeenskapsorganisasies onderneem is, het nie net die deelnemers geïnspireer nie maar ook die Reënboognasie opnuut begeester.

Hierdie dag is deur die Verenigde Nasies ingestel as 'n geleentheid vir humanitêre optrede, die idee synde dat 'n ieder en elk minstens 67 minute - een minuut vir elke jaar wat Madiba in sy lewe aan die bevordering van maatskaplike geregtigheid, gelykheid en die beskerming van menseregte gewy het - daaraan moet bestee om iets goeds vir sy of haar gemeenskap te doen.

Vanjaar het kommer oor die voormalige president se swak gesondheid en die

blote feit dat hy die rype ouderdom van 95 sou bereik, groter deelname aangemoedig. Die tema, "Gaan oor tot die daad; inspireer verandering; maak van elke dag 'n Mandela-dag", het tot 'n paar baie interessante aktiwiteite op hierdie dag aanleiding gegee, wat duidelik uit ons foto-collage blyk.

Overhills (foto regs)

In die Overhills informele nedersetting het personele van die Kleinmond-kantoor tyd afgestaan om die area te verfraai waar die munisipaliteit vantevoren speelparktoerusting geïnstalleer het. Ondanks die stormagtige weer het die kinders onmiddellik op die toerusting toegesak, tot groot vermaak van die Areabestuurder, Cecile Jonkheid, en haar personele.



Gansbaai-boom/rommel

In die Gansbaai-area, het munisipale werknemer TC Smith gehelp om 'n groot dooie vyboom in die agterste binnehof van die Herberg-aan-See-ouetehuis af te kap en die takke na die munisipale stortingssterrein aan te ry. In die voorheenbena-deelde gebiede van Beverly Hills (Blompark), Masakhane en Gansbaai se HOP-behuisingarea het die munisipaliteit, in samewerking met die Gansbaai-belastingbetalersvereniging, inwoners gehelp om hulle werwe op te ruim.



Crèche reggeruk

Lede van die Hermanus-afdeling van Overstrand se Brandweer en Reddingsdiens was aan die swoeg om die tuin van die Nomzamu-crèche in Zwelihle reg te ruk, toe Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie 'n draai kom maak het sodat hulle 'n welverdiende blaaskansie kon geniet. *Van links is Gcobisa Pilingane, Shane Booysen, Maluzi Nompuzo, Masixole Langatye, Wayne Haman, Carl Galant, Lovuyo Mayile en Stanley Moses.*



Mandela-tuin in Mount Pleasant

Wyk 4 se raadslid, Lianda Beyers-Cronjé, en lede van die gemeenskap het hulle tyd gebruik om struie en blomme in Tulip-park in Mount Pleasant aan te plant en sodoende 'n Madiba-tuin te skep. Botriver Bricks het halwe stene geskenk wat gebruik sal word om 'n geplaveide wandelpaadjie deur die park te skep.



Lea Goodall

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het me. Lea Goodall, 'n inwoner van Hawston wat aan die seldsame siekte Elefantiasis ly, besoek.



Junior Raad

Overstrand se Junior Stadsraad het Mandela-dag gebruik om Zwelihle se Muur van Verwelkoming onder begeleiding van Alex Forsyth, 'n visuele kunstenaar, te versier. Personele van die Enlighten Education Trust en studente van die hoërskool Khayiya het ná skool kom handjie bysit.



Strandopruiming

'n Strandopruimingsprojek op Saterdag, 20 Julie, is goed deur Rooiels-inwoners ondersteun. Sakke vol rommel is verwyder. Hoewel daar nie met sekerheid gesê kan word wat die oorsaak van die besoedeling is nie, word daar vermoed dat strande en/of grondopvullingssterreine aan Kaapstad se kant van Valsbaai dalk te blameer is.

KOM ONS HOU 'n OPSKOP! FEESNAWEKE IN SEPTEMBER 2013

DIE WALVISSE ROEP

Die Hermanus-walvisfees vier sy 22ste jaar as die enigste omgewingsvriendelike kunstefees in Suid-Afrika. Geskeduleer vir die naweek van 20 tot 24 September belooft hierdie fees weer eens om "die kollig op die wesens uit die diepsee te laat val waar hulle die verhoog met kunstenaars en musici uit die boonste rakke deel".

bloot omdat die lente om die draai is!

Uiteraard gaan die walvisse die meeste aandag trek, daarom dan ook die markiestent met 'n ekspo oor bedreigde marinespesies. Maar soos dit maar met supersterre gaan, het hierdie wesens uit die diepsee lankal geleer dat hulle op 'n span uitstekende, meer aardsgebonde ondersteunende akteurs kan peil trek om om te sien na

"menslike" behoeftes: Oorvloedige happies wat selfs in die grootste kos-en-wyn-fynproeier se smaak sal val; fantastiese geleenthede vir die lewenslustiges om van hulle ekstra energie ontslae te raak,



Hermanus, bekend as die beste landgebaseerde walvisbesigtigingsbestemming in die wêreld, tree jaarliks as gasheer vir duisende besoekers op wat na hierdie kusdorp stroom om hulle aan ons unieke natuurlike omgewing te verkyk, in die manewales van die noordkappers – dié hoogwaardigste onder ons gewaardeerde feesgangers – te verlustig, na hartelus goeie kos en musiek te geniet en aan die vele aktiwiteite deel te neem, en dit

of hulle nou sportmense is of van 'n ouderdom waar stilsit eenvoudig nie 'n opsie is nie; kuns- en handwerk wat enigen sal laat wonder: "Nou waarom het ek nie daaraan gedink nie?"; en musiek om by elke feesgangers se luim te pas. **Om 'n volledige program van gebeure te bekom, besoek www.whalefestival.co.za gerus. So nie, kontak die feeskantoor by 028 313 0928 of stuur 'n e-pos na festival@hermanus.co.za.**



DIE TRADISIE LEEF VOORT

Hermanus se Botaniese Vereniging sien weer eens daarna uit om sy tradisionele Blommefees aan te bied - 'n fees waar almal wat in die Overberg woon hulle in dié streek se unieke uitvoerprodukt, fynbos, kan verlustig!

Die Blommefees gaan vanaf 26 tot 29 September in die Fernkloof-natuurreservaat gehou word met die ondersteuning van Cape Whale Coast, die toerismemarkingsarm van Munisipaliteit Overstrand.

Afwisseling krui die lewe, altans so lui die gesegde. En as jy van pikante spysse hou, kom verlustig jou gerus in die verskeidenheid wat hier opgedis gaan word: Pragtige massas proteas en erikas wat 'n fassinerende vleilandomgewing in die Fernkloof-saal omsom, 'n markiestent gevul met stalletjies waar jy alles te wete kan kom oor hoe die lewe in 'n fynbosomgewing benader moet word, en kuns en handwerk wat dalk net kan help om daardie Kers-inkopielys drie

maande voor die tyd kaf te draf... Sou dit nie fantasies wees nie?

Ook tuiniers behoort nie die uitstallings in die amfiteater mis te loop nie, want hier word aantreklike tuinontwerpe vir klein areas eerstehands gedemonstreer.

Tee, koffie, koek en ligte middagetes word aangebied. En sover dit die jongelinge betref, sal 'n interaktiewe poppekas tesame met ander prettige aktiwiteite verseker dat hulle nie vir 'n oomblik verveeld is nie.

En die eintlike goeie nuus? Jack se kwekery vir inheemse plante gaan vir die duur van die fees oop wees.

Die fees is elke dag vanaf 09:00 tot 17:00 oop. Vir volwassenes beloop toegang 'n skrale R15.00. Toegang vir kinders onder 12 is GRATIS. Om nadere besonderhede te bekom, stuur 'n e-pos na botsocher-manus@telkomsa.net of skakel 028 313 8100.

INDRUKWEKKENDE BLOMME
MAKLIK OM TE KREEK

Rudyard Kipling het die waarheid oor tuinmaak netjies raakgevat toe hy met dié stelling vorendag gekom het: *"Flowers are not made by singing 'Oh, how beautiful', and sitting in the shade."* Die tuiniers onder ons kan almal getuig dat dit heelwat bedreweheid, kennis en harde werk verg om 'n fleurige tuin te skep.

Tuiniers is ook getreë om meer te wete te kom oor wat regtig werk. Munisipaliteit Overstrand is oorval met oproepe van komplimente en navrae sedert die plante op die eiland by die Voëlklip-verkeerssirkel begin blom het.

Munisipale tuinboukundige, Lauren Rainbird, sê die plante wat so geil blom, is die Chasmanthe floribunda, ook bekend as suurknol.

Sowel die Chasmanthe floribunda var. floribunda as die Chasmanthe floribunda var. duckittii is bladwisselende, winter-stingelknolle wat maklik gekweek kan word en in volle son of halfskadu aard. Die duckittii-variëteit, wat uit die Darling-area afkomstig is, dra in die winter tot vroeglente are geel blomme.

Albei variëteite is water-slim in die winterreënvalstreke en kom natuurlik in die Kaapse flora voor.



NUWE RAADSLID VIR WYK 3



Die nuutverkose raadslid vir wyk 3, Me. Kari Brice, is reeds die afgelope 21 jaar 'n baie betrokke en aktiewe inwoner van Hermanus. Benewens die rol wat sy in talryke geleenthede, toerisme-organisasies en liefdadigheidsorganisasies vervul het, blyk haar belangstelling in munisipale aangeleenthede uit die diens wat sy sedert 2001 op wykskomitees verrig. Sy sê haar wyk lê haar baie na aan die hart, 'n wyk wat uit 'n uiteenlopende gemeenskap saamgestel is en waar vele aanvegbare kwessies dikwels die hoof gebied moet word. Me. Brice het die setel in 'n kwaai stryd met 84 persent van die stemme vir die Demokratiese Alliansie in die tussenverkiesing op Woensdag 7 Augustus gewen.

SARS DATUMS VIR RES VAN DIE JAAR

Die geskeduleerde besoeke vanaf SAID om Overstrand-inwoners met hul belastingvorme en ander vrae te help, sal as volg plaasvind:

1 en 2 Oktober 2013 @ Banketsaal

5 en 6 November 2013 @ Banketsaal

Konsultasies kan op Dinsdae vanaf 11:00 - 18:00 plaasvind en op Woensdae vanaf 09:00 - 14:00.

Die bostaande skedule is onderworpe aan verandering op kort kennisgewing, en om te bevestig dat alles nog volgens plan verloop, skakel asseblief vir Jolanda Hendricks (PEO-beampte) by 028 313 8928 of rig 'n e-pos aan jhendricks@overstrand.gov.za.

SEPTEMBER-KONSERTE IN OUDITORIUM

Om 15:30 op Sondagmiddag, 15 September 2013, gaan Overstrand se publiek die voorreg hê om te luister na die hoogaangeprese violis Zanta Hofmeyr in konsert, begelei deur Elna van der Merwe. Hulle sal werke deur Beethoven, Messiaen, Tchaikovsky en Franck uitvoer.

Op Woensdagaand die 18de gaan die Overberg-eisteddfod se Prestige-konsert gehou word, en die publiek sal kan sien en hoor hoe die room van die streek se jong kunstenaars op die verhoog optree.

Bespreek by BELLINI-GALERY by 028 312 4988. Ander navrae kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.



Zanta Hofmeyr